Ruach Bediening Nuusbrief




Oktober 2026

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand 2
2. Gebedsterapie sessies 2
3. Getuienisse 2
   a. Skilpad dae 2
   b. Op al 4 wiele 3
   c. Psalm 34 4
4. So terloops 5
   a. Mighty Men – Bosveld 2026 5
   b. Splinter nuwe boek: Kan jy nie een minuut saam met My waak nie? 7
5. Beplanning vir volgende maande 8
6. Fisiese Wetenskap Video klasse 9
7. In ligte luim 10
8. Afsluitings 10



1. Gedagte vir die maand

Matthéüs 11:28
Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is,
en Ek sal julle rus gee.

2. Gebedsterapie sessies

41	Gebedsterapie sessies in Centurion
0	Gebedsterapie sessies per Telefoon
18	Gebedsterapie sessies per Video Call
25	Gebedsterapie sessies in Middelburg
33	Gebedsterapie sessies in Nylstroom
0	Gebedsterapie sessies in Delmas
117	Totale gebedsterapie sessies vir die maand

3. Getuienisse



Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening: (Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

Getuienis 1: Dankie Sarel! My man glo jou gebede het baie krag, nadat jy vir hom gebid het, loop hy baie beter. Hy het my gevra om vir jou te stuur...

Getuienis 2: : Vreeslik dankie vir jou bediening Sarel. Dankie dat jy n instrument in God se hande is. Ek en my seuns altwee voel vanaand of 'n juk van ons afgehaal is.



Sommer net 'n paar gedagtes

a. Skilpad dae

Party dae voel 'n mens soos 'n skilpad wat net sy kop wil intrek en in sy dop wil wegkruip. Die wêreld raas te hard, mense vra te veel en jou hart dra meer as wat enigiemand kan sien.

Op sulke dae hoef jy nie voor te gee dat alles reg is nie. God verwag nie dat jy altyd sterk moet wees nie. Hy ken die swaar agter jou stilte en die trane wat jy vir ander wegsteek.

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." – Matteus 11:28

'n Skilpad kruip in sy dop om veilig te wees. Maar ons harte het meer as net 'n wegkruipplek nodig. Ons het 'n veilige plek nodig waar ons kan rus, asemhaal en weer moed kry. Daardie plek is by God.

Bring vir Hom die gedagtes wat jou uitput, die seer waarvoor jy nie woorde het nie en die las wat

te swaar geword het. Jy hoef dit nie eers netjies uit te pak nie. Hy verstaan selfs die gebed wat net uit 'n sug bestaan.



Dit is reg om vandag nie reg te voel nie. Dit is nie 'n teken dat jou geloof te klein is nie. Dit beteken net dat jy mens is en dat die las vir jou te swaar geword het om alleen te dra.

Miskien voel jy vandag soos daardie skilpad wat net sy kop wil intrek en vir die wêreld wil wegkruip. Onthou jy hoef nie vir God weg te kruip nie. Jou dop is nie te hard vir Sy hande nie, en jou stilte is nie te diep vir Sy stem nie.

Bly vir 'n oomblik stil by Hom. Laat sak die las. Haal asem. Jy hoef nie vandag alles reg te hê nie. Jy moet net te weet, God is naby, Hy verstaan, en Hy sal jou dra totdat jy weer die moed het om jou kop op te lig en vorentoe te beweeg.

b. Op al 4 wiele

Ons gaan kuier vanmiddag by my skoonma in die ouetehuis. Sy stap stadig met haar loopraam af na die eetsaal. Stadig. Versigtig. Een tree op 'n slag.

En toe besluit Naudé: "Wel, as Ouma gaan, gaan ek ook." So daar trek hy weg. Nie in sy stootwaentjie nie. Nie op my heup nie. Nee. Op al vier wiele. Ouma met haar loopraam. Naudé met sy kruipratkas. Die twee van hulle beweeg deur die gang soos 'n klein konvooi.

Die een personeellid wou amper verkeer begin reël. Links... Regs... Stop vir aankomende verkeer... Want daar gaan die oudste en die jongste in die gebou in perfekte harmonie.

En skielik tref dit my. Dis eintlik hoe die lewe werk. Wanneer ons klein is, kan ons nie wag om groot te word nie. Wanneer ons oud is, wens ons soms ons kon weer klein wees. En êrens in die middel spandeer ons ons hele lewe om haastig te wees.



Maar vandag?
Vandag het die oudste en jongste persoon in die gang nie gejaag nie. Hulle het eenvoudig saam beweeg.
Een wat leer hoe om vorentoe te kom. Een wat al die pad gestap het. Een wat nog die wêreld ontdek. Een wat al duisende sonopkomste gesien het.

En ek staan daar met trane in my oë en lag terselfdertyd, want Naudé het nie eens soos gewoonlik elke drie meter gestop om iets op die vloer te inspekteer wat glad nie inspeksie nodig gehad het nie. Hy was so taakgedrewe soos Ouma.

Ek is vandag daaraan herinner dat die lewe nie 'n wedloop is nie. Dat sommige mense stadig stap. Ander stadig kruip. Maar ons is almal op pad na dieselfde eetsaal toe.

En soms lyk die mooiste toneel in die wêreld nie soos 'n sonsondergang of 'n strand nie. Soms lyk dit soos 'n ouma met 'n loopraam en 'n baba wat haar deur die gang volg soos haar klein, onbetaalde assistent. Die een met twee wiele. Die ander op twee knieë. Albei ewe vasberade om betyds vir middagete daar uit te kom.

c. Psalm 34


Structure is an alphabetic acrostic
Psalm 34 (ESV)
Of David, when he changed his behavior before Abimelech, so that he drove him out, and he went away.
א Alef
ב Bet
ג Gimel
ד Delet
ה He
ו Vav
ז Zayin
ח Chet
ט Tet
י Yod
כ Kaf
ל Lamed
מ Mem
נ Nun
ס Samekh
ע Ayin
פ Pe
צ Tsadi
ק Qof
ר Resh
ש Shin
ת Tav
פ Pe
1 I will bless the Lord at all times;
his praise shall continually be in my mouth.
2 My soul makes its boast in the Lord;
let the humble hear and be glad.
3 Oh, magnify the Lord with me,
and let us exalt his name together!
4 I sought the Lord, and he answered me
and delivered me from all my fears.
5 Those who look to him are radiant,
and their faces shall never be ashamed.
6 This poor man cried, and the Lord heard him
and saved him out of all his troubles.
7 The angel of the Lord encamps
around those who fear him, and delivers them.
8 Oh, taste and see that the Lord is good!
Blessed is the man who takes refuge in him!
Quoted in 1 Peter 2:3
9 Oh, fear the Lord, you his saints,
for those who fear him have no lack!
10 The young lions suffer want and hunger;
but those who seek the Lord lack no good thing.
11 Come, O children, listen to me;
I will teach you the fear of the Lord.
12 What man is there who desires life
and loves many days, that he may see good?
Verses 12-16 are quoted in 1 Peter 3:10-12
13 Keep your tongue from evil
and your lips from speaking deceit.
14 Turn away from evil and do good;
seek peace and pursue it.
What is the Fear of the Lord?
15 The eyes of the Lord are toward the righteous
and his ears toward their cry.
16 The face of the Lord is against those who do evil,
to cut off the memory of them from the earth.
17 When the righteous cry for help, the Lord hears
and delivers them out of all their troubles.
18 The Lord is near to the brokenhearted
and saves the crushed in spirit.
19 Many are the afflictions of the righteous,
but the Lord delivers him out of them all.
20 He keeps all his bones;
not one of them is broken.
Quoted in John 19:36 in reference to Jesus on the Cross
21 Affliction will slay the wicked,
and those who hate the righteous will be condemned.
22 The Lord redeems the life of his servants;
none of those who take refuge in him will be condemned.
Praise God!
He Saved Me
God Delivers
Those Who Fear Him
Learn the
Fear of the Lord
God Delivers
the Righteous
No Condemnation
in Him
Central Theme: Verse 11b

4. So terloops ....

a. Mighty Men – Bosveld 2026

'n Paar foto's van die naweek, 30 Oktober tot 1 November 2026 se Mannekamp in die Bosveld.




















MMC
2026
BOSVELD



b. Splinter nuwe boek: Kan jy nie een minuut saam met My waak nie?



Jesus se uitnodiging na 'n dieper gebedslewe Deur Dr Raymond Lombard.

Gebed is een van die grootste voorregte van die Christelike lewe - en tog sukkel baie gelowiges om 'n volgehoue, lewende gebedslewe te handhaaf.

Gebaseer op Jesus se woorde in Matthéüs 26:40, neem hierdie boek jou stap vir stap deur die Bybel se onderrig oor gebed - van die eenvoudige fondamente wat Jesus gelê het tot voorbidding, vas, geestelike oorlogvoering en gebed in die krag van die Heilige Gees.

Hierdie boek is 'n uitnodiging om weer tyd saam met God deur te bring, dieper in gebed te groei en die krag van 'n toegewyde gebedslewe te ontdek.
Ons weet ons móét bid. Ons wil bid. Maar baie keer weet ons eenvoudig nie waar om te begin, hoe om aan te hou of wat om te doen wanneer dit voel asof God stilbly nie.
Kan jy nie een minuut saam met My waak nie? deur Dr Raymond Lombard is nie net 'n boek óór gebed nie-dit is 'n praktiese gids wat jou help om werklik te bid.
Deur 25 praktiese hoofstukke word van die belangrikste vrae en uitdagings rondom gebed behandel:

Deel 1: Die uitdaging
Hoe hanteer jy skuldgevoelens, konsentrasieprobleme en hindernisse in gebedsverhoring?

Deel 2: Die beginsels
Leer meer oor tydsberekening, T.A.M.G., gebed as 'n lewensgewoonte en hoe om volgens God se wil te bid.

Deel 3: Die aard van gebed
Wat beteken dit om te volhard en by God aan te dring-en wat doen jy wanneer dit voel asof God stilbly?

Deel 4: Bybelse lering oor gebed
Ontdek die diepte van die Onse Vader, die gebedsvoorbeeld van Jesus, die lering van Paulus en Jakobus, en wat dit beteken om in die Naam van Jesus te bid.

Deel 5: Die toerusting
Word toegerus vir geestelike stryd, gebed deur die Heilige Gees, bonatuurlike gebed, om God se stem te hoor en die belangrikheid van vas.

Elke hoofstuk is Bybels, verstaanbaar en prakties-sodat gebed nie net iets is waarvan jy meer weet nie, maar iets wat al hoe meer deel van jou daaglikse lewe word. Begin vandag jou reis na 'n dieper, sterker en meer volgehoue gebeds lewe.



Waarom hierdie boek?

Prakties, eerlik en maklik verstaanbaar.
Sterk gegrond in die Bybel.

25 kort hoofstukke, verdeel in vyf dele.
Ideaal vir persoonlike studie, kleingroepe en gemeentes.
Geskik vir nuwe én ervare gelowiges.
Alle Skrifaanhalings kom uit die AFR53.

Bestel jou kopie by: https://raymondlombardbookstore.com/
R 299.00

5. Beplanning vir volgende maande

MIDDELBURG	
Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**	
2026	
2 & 3	Oktober
6 & 7	November
Geen Besoek	Desember
2027	
8 & 9	Januarie
Geen besoek	Februarie
12 & 13	Maart
9 & 10	April
7 & 8	Mei
4 & 5	Junie
9 & 10	Julie
13 & 14	Augustus
3 & 4	September
8 & 9	Oktober
12 & 13	November
Geen besoek	Desember

NYLSTROOM	
Om afspraak te reël in Nylstroom, kontak vir **Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**	
2026	
29 & 30	Oktober
Geen Besoek	November
Geen Besoek	Desember
2027	
28 & 29	Januarie
Geen besoek	Februarie
Geen besoek	Maart
22 & 23	April
20 & 21	Mei
Geen besoek	Junie
29 & 30	Julie
Geen besoek	Augustus
16 & 17	September
Geen besoek	Oktober
18 & 19	November
Geen besoek	Desember

DELMAS	
Om afspraak te reël in Delmas, kontak vir Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487	
2027	
25	Januarie
Geen besoek	Februarie
8	Maart
19	April
17	Mei
21	Junie
26	Julie
23	Augustus
13	September
11	Oktober
8	November
Geen besoek	Desember

6. Fisiese Wetenskap Video klasse

🎓 WAT AS NET 2 OF 3% JOU UNIVERSITEITSDROOM KAN BEPAAL?

🕰️ MATRIEKS... sit nou alles in!
Moenie in November terugkyk en wonder: "Wat as ek net 'n bietjie vroeër begin het?"

💙 Met Juf. OK se Wetenskap Akademie kry jy toegang tot ure se videolesse wat die VOLLEDIGE GRAAD 12 CHEMIE- EN FISIKA-SILLABUS dek.

Jy kry ook:
- ✓ Aflaaibare opsommings
- ✓ Duidelike notas
- ✓ Oefenvrae en memorandums
- ✓ Alles wat jy nodig het om met selfvertroue die eindeksamen aan te pak.
- ✓ Leer waar en wanneer dit jou pas.
- ✓ Kyk die video's soveel keer as wat jy nodig het.
- ✓ Perfek vir hersiening voor die eindeksamen.
- ✓ Verstaan die werk – moenie dit net memoriseer nie.

🎉 GEBRUIK DIE KOEPONKODE: 💙 "YOUCANDOTHIS" wanneer jy betaal,
EN KRY 30% AFSLAG OP JOU GRAAD 12-PAKKET!

🎯 Jou eindeksamen is nader as wat jy dink...

BEGIN VANDAG
MEER INLIGTING: www.wetenskapakademie.co.za





7. In ligte luim

Gister sit ek in my kantoor by die venster en uitstaar, toe ek sien hoe 'n klomp mense om 'n ou staan wat van sy bike afgeval het. Haastig hardloop ek uit en na die toneel toe. 'Askuus uit my pad uit!' skree ek terwyl ek die mense voor my uit die pad uit stoot. 'Is jy n dokter' vra een vrou. 'Nee, maar dis my pizza!



8. Afsluitings

Wat sou jy kies?
Leer by Salomo

Gee dan vir u dienskneg 'n hart wat luister om as regter op te tree vir u volk, om te kan onderskei tussen goed en kwaad; want wie kan regspreek oor hierdie veeleisende volk van U?

1 Kon. 3:9 (2020-vertaling)

Salomo kry 'n keuse waarvan die meeste van ons net kan droom. God verskyn aan hom en sê hy kan enige-iets kry wat hy vra. Net wat hy vra, sal God gee! Sjoe, as jy enige-iets kon kies, wat sou jy kies? Die meeste sou seker geld kies, want in ons dag glo ons geld kan alles koop. Sommige sou mag kies, want die een wat mag het, kan ook geld bekom. Ander sou dalk suksesvol wou wees, of bekend – 'n "ster". Ja, so redeneer die wêreld waarin ons woon. Salomo vra egter vir wysheid om die volk te regeer. Die Here belowe toe om hom buitengewone verstandigheid en wysheid te gee, en, omdat hy nie rykdom, eer of 'n lang lewe gevra het nie, hierdie dinge op die koop toe! Ja, wat sou jy kies? Anders gestel: wat is jou doelwitte, waarna streef jy? Iemand het gesê: "Wys my jou doelwitte en ek sal jou sê wie jy is."
Wat is my doelwitte? Waarna streef ek?

Hemelse Vader, help my om na die regte doelwitte te streef, om die belangrike dinge te kies. Help my om te leef in die rigting van 'n verhouding met U, van persoonlike en geestelike volwassenheid, van diens aan ander. Dankie, Here, dat U in elk geval vir my sal voorsien op die terrein van die materiële en die aardse dinge! Amen.

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God

